# *DIE GROOTSTE NUUSFLITS IN DIE GESKIEDENIS*

Laat ons net, 'n paar oomblikke bly staan, vir 'n woord van gebed.

2 Ons Hemelse Vader, soos ons U Goddelike troon van genade nader vanaand, is ons dankbaar dat daar 'n troon van genade is, want dit sou 'n verskriklike ding vir ons wees om na 'n troon van geregtigheid toe te kom. Maar Christus het dit alles trotseer, die geregtigheid, vir ons, en het ons weer versoen met ons Vader, en ons kom nou in genade, om U te smeek om U Woord vir ons te bevestig vanaand, deur ons te ontmoet, waar daar geskrywe staan dat: "Waar twee of drie vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees." Nou, ons is dankbaar vir hierdie belofte, en ons weet dat U elke belofte hou.

3 En ons vra U om hulle te seën wat in die Weg is, dat U hulle sal bemoedig, hulle het vanaand 'n opoffering gemaak, almal, om uit te kom, en op hierdie reënerige en slegte, winderige nag, dit wys hulle respek en liefde vir U. Nou, ons bid dat U hulle sal seën wat siek en behoeftig is vanaand, dat hulle genees mag word van watter siekte hulle ook al het, deur U Teenwoordigheid. Seën hulle wat U vanaand nie ken nie, gee hulle so 'n seëning dat hulle U sal liefhê, en hulle harte na U sal draai voor hulle hierdie gebou verlaat. Skenk dit, Here.

4 Seën U diensknegte, U predikers, U evangeliste, almal wat hier in die diens is, en elders. Mag die Heilige Gees in ons lewens wees, dat ander kan sien en dors om Dit te hê. Ons vra, in Jesus' Naam. Amen.

5 Julle mag maar sit. (Ek gaan hierdie neersit net vir 'n oomblik.) In die Skriflesing, vanaand, omdat ons reguit in die boodskap sal ingaan omdat ons 'n bietjie laat is, word gevind in Lukas se Evangelie, die 24ste hoofstuk en die 32ste vers:

> *En hulle sê vir mekaar, Was ons hart nie brandende in ons, terwyl hy* met *ons gepraat het langs die pad, en terwyl hy vir ons die skrifte oopgemaak het nie?*

6 En my teks vanaand is dit: *Die Grootste Nuusflits In Die Geskiedenis*. En my onderwerp is "Kom, Glo, En Gaan."

7 Ek verwonder my aan daardie groot, besondere, glorieryke veertig dae wat ons Here op aarde aan Sy dissipels en ander verskyn het na Sy opstanding. Ek het baiekeer gestaan en gedink: "Wat as ek daar kon gewees het!" En onder daardie groot verwagting, dat hoedat elke draai in die pad jy Hom kan

ontmoet, van aangesig tot aangesig, die herrese Here Jesus. Hoe opwindend sou dit gewees het om Hom te ontmoet en te weet dat Dit Hy was!

8 Maar dan, by die tweede gedagte daaraan, nadat ek gedink het hoe opwindend dit sou gewees het om die Here te ontmoet soos hierdie kêrels het, Cleopas en sy vriend op sy pad na Emmáüs...En Hy het heeldag met hulle gepraat, en hulle het Hom nooit herken nie. En toe, daardie aand toe Hy hulle bymekaar gekry het, toe hulle...Hy het gemaak asof Hy by hulle sou verbygaan, hulle verlaat, in die hotelletjie ingegaan, of toeristeplek, en hulle het by Hom aangedring dat Hy moes bly, en by hulle bly. En hulle het by Hom bly aandring, totdat Hy uiteindelik saam met hulle ingegaan het.

9 Heeldag, sonder om te weet Wie Hy was, en toe, toe hulle Hom in-. . ., of, binnekant en die deure toegemaak het, Het Hy iets gedoen wat was, om hulle te laat weet dat dit Hy was. En nadat Hy heeldag lank met Hom gepraat het, Hom hoor preek het vir die drie jaar wat Hy op aarde was, en toe na Sy opstanding Hom hoor preek het, en Hom nie herken het totdat Hy iets gedoen het net soos Hy dit gedoen het voor Sy kruisiging nie, toe het hulle geweet dat Dit Hy was.

10 En nou, is dit nie 'n vreemde ding dat dit iets kos aan die kant van bonatuurlike om ons te laat verstaan dat dit Hy is, dat onderrigting, op sy eie, dit nie sal doen nie? Hy het nooit Sy Kerk opdrag gegee, toe, om te gaan en die Woord te onderrig nie, Hy het gesê: "Verkondig die Evangelie," of manifesteer die Evangelie. "En die Evangelie het nie deur woord alleen gekom nie, maar deur die krag, en demonstrasies van die Heilige Gees," het Paulus gesê. Nou, daarom sê die volgende vers, in Markus 16: "Hierdie tekens sal vergesel," of volg: "hulle, hulle wat glo." Dan sien julle, dat die teken van die opstanding teenwoordig moet wees om die Woord te bevestig, om Jesus duidelik bekend te maak aan die mense.

11 So dit was 'n groot tyd, daardie glorieryke veertig dae. Hoe ek graag daar sou wou gewees het! Maar toe, weer gedink, dat ek 'n gelowige sou moes gewees het, omdat Hy aan niemand verskyn het behalwe Sy uitverkore Kerk nie. Hy verskyn net aan gelowiges. En soos Hy toe was, Hy kan nie verander nie, vandag verskyn Hy steeds net aan Sy uitverkore Kerk, gelowiges.

12 Nou, ons vind dat daar baie was wat van Messias geleer het in daardie dae, en daar was baie wat uitgesien het na 'n Messias wat sou kom, maar Hy het 'n Kerk gehad wat uitverkies was, so het Hy vanaand ook. En dit is die, waar ek gisteraand opgehou het, die uitverkore Kerk, en toe het Hy net aan Sy uitverkore Kerk verskyn, die res van hulle het Hom nie herken nie. En as Hy vandag hier was, sou Hy net dieselfde doen as wat Hy toe

het, verskyn aan die uitverkore gelowige, Hy verskyn nooit aan die ongelowige nie.

13 Waarom het Jesus nie, na Sy opstanding, as Hy so geïnteresseerd was dat almal weet dat Hy opgestaan het uit die dood, dan wonder ek waarom Hy nie gegaan het na, wel, sê, Pilatus, of na Herodus, en vir hulle gesê het: "Sien, hier is ek. Julle het gedink julle het My gehad, het julle nie? Maar ek het vir julle gesê ek sal opstaan op die derde dag, so hier is ek"?

14 Of waarom het Hy nie na Kajafas, die hoëpriester, of na die ortodokse kerk toe gegaan, onder na die sinagoge, en vir hulle sê: "Nou, julle het almal altyd geglo dat daar 'n Messias sou kom, en Dawid het gesê dat Sy Siel nie in die hel gelos sou word nie, ook sou Hy nie toelaat dat Sy Heilige verderwing sien nie, so Ek is hier, die Een wat julle aan die kruis vasgespyker het, hier is Ek in die opstanding om aan julle te bewys dat Ek die Messias is"? Waarom het Hy dit nie gedoen nie? Want as hulle Hom nie kon glo toe Hy hier in Persoon op aarde was voor Sy kruisiging nie, sou hulle Hom nie na die tyd glo nie.

15 En so dan sou hulle sê: "Daar het iets anders gebeur, hy was nie heeltemal dood nie, of sy dissipels het een of ander soort balseming gehad wat hom weer lewendig gemaak het, of iets het plaasgevind." So Hy het net verskyn aan hulle wat Hom geglo het, en Hom liefgehad het, en uitverkies is om Hom te sien. Dis dieselfde manier wat Hy dit vandag sou doen, as Hy vandag sou kom, en wat Hy het, in Geesvorm.

16 En julle let op dat Hy net Homself wys, soos waar ons gisteraand opgehou het in Abraham, Hy het nooit afgegaan na Lot se groep nie, maar Hy het aan die uitverkore Groep verskyn, Sy rug gedraai na die tent, en gesê: "Waar is jou vrou, Sara?"

17 Hy het gesê: "In die tent." En Hy het vertel wat gaan gebeur en—en hoedat hulle hierdie kind sou kry, en Sara het gelag, en Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag?" En Sara het dit probeer ontken.

18 En Jesus, toe, Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van—van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Sien? Nou, daardie Engel het nooit afgegaan na daardie Sodomgroep nie, Hy het net by die Uitgeroepenes en Uitverkorenes gebly. Hulle het hulle boodskappers gehad, en hulle oë was verblind vir die Deur, maar die uitverkore Groep het God gesien wat gemanifesteer was in die vlees.

19 En hierdie, op hierdie groot opstandingsoggend, het hulle God gesien wat gemanifesteer was in die vlees. Die dood kon Hom nie vashou nie. En Hy het net na Sy Uitverkorenes toe gekom, glad nie na die ander kerke nie, net na Sy Uitverkorenes. Nou, waarom het Hy nie na die kerk toe gegaan nie? Hy het toe Hy gekom het, het Hy na Sy Eie gekom, en hulle het Hom nie ontvang nie.

20 Nou het Hy gekom in die vorm van die Heilige Gees, in 'n . . . nie na die kerk nie, maar na die uitverkore Kerk, en ons, die Kerk, moet Hom na ongelowiges toe neem. Ons is diegene wat Sy Lewe deur ons moet laat skyn dat ander kan glo. Dis ons, Christus in die Kerk, wat Sy Teenwoordigheid uitstraal na, Hom sigbaar maak vir almal. So daarom, Hy, wanneer Hy Homself uitstraal, liewer, deur die lewens van Sy uitverkore gelowiges, diegene wat uitverkies is tot Ewige Lewe, Hom ontvang, het Hy gesê: "My skape luister na My Stem, 'n vreemde sal hulle nie volg nie, maar My skape luister na My Stem," Hy het Homself gemanifesteer aan Sy uitgeroepte en uitverkore Kerk. Hy doen dieselfde ding aan die Kerk vandag om Homself te manifesteer deur Sy wesens, ons, die Kerk, uitgeroepte Kerk.

21 Ons boodskap, daarom, is waarlik die grootste nuusflits wat die geskiedenis ooit geken het. Daar was allerhande soorte skyngelowe, ensovoorts, maar die boodskap wat die kerk het, is die grootste nuusflits wat ooit die wêreld getref het. Ja, meneer. Ons het Hom begrawe, dood, maar Hy's op en lewe weer. Hy was dood toe ons Hom begrawe het, en nou lewe Hy vir ewig. Dis waarlik die feite. Hy is nie dood nie, maar Hy lewe vir ewig. Wat 'n boodskap, wat 'n flits! Die Kerk behoort verheug te wees. Die Kerk behoort dit te brand in die harte van almal met wie hulle in aanraking kom, Hy is nie dood nie, maar lewendig.

22 Dit behoort oral hoofberigte te maak. Maar hulle glo dit nie, dis waarom dit nie opslae maak nie. Maar vir die gelowige, maak dit opslae in die hart van die gelowige. Wanneer hy dit sien en herken, verbly dit hom bo alles wat ooit gedoen kan word. Dit gooi 'n opskrif wat al die res van die wêreld dood flits. Sodra hulle sien Hy is lewendig en met Sy Kerk is, hoe opwindend is dit vir die gelowige! Grootste hoofberigte wat opslae kan wees, is reg, ons boodskap vandag, die Paasboodskap.

23 Maar ons beperk Paasfees tot een dag in die jaar, dis ons Paasfees, een dag in die jaar is 'n Paasfees. *Elke* dag in die jaar is, behoort 'n Paasfees te wees. Elke dag behoort 'n opwindende dag van die opstanding te wees. Maar weet julle wat, hulle het die boodskap van Paasfees gemeng, en hulle het dit gemeng met gekleurde eiers, en—en lapel-ruikers, en nuwe hoede, en konyne, en daarom is die Paasfees net 'n propaganda. Maar vir die gelowige wat weet, dag vir dag, hulle lewe in 'n Paasfees, omdat Hy opgestaan het uit die dood, en Hy vir ewig lewe in die harte, Homself bekend maak aan Sy Kerk, dag vir dag: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

24 Nou, as jy sê jy is 'n gelowige, en daardie tekens volg jou nie, dan het jy óf iets verkeerd gesê, óf sê dat Hy iets verkeerd gesê het. Want Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal die gelowige volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat. As hulle vergiftig was, iets dodeliks gedrink het, sou dit hulle nie skaad nie. As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

Sulke tekens volg die gelowige. En dis aan wie Hy verskyn, aan die gelowige, so daarom volg daardie tekens die gelowige.

25 O, wat ’n glorieryke ding is dit vir Sy Kerk, na negentienhonderd jaar, amper tweeduisend jaar gelede, om te weet dat Hy lewe! Ons ontmoet Hom om elke draai van die pad, by elke draai, by elke plek waarnatoe ons gaan, sien ons vir Jesus, sien Sy lewende Teenwoordigheid vloei soos stralende Lig uit Sy glorieryke Kerk van die lewende God. Hoe dankbaar behoort ons nie daarvoor te wees nie!

26 Die boodskap is by die graf gegee: “Kom, kyk. Gaan, vertel.” Eerste ding: “Kom, en word oortuig.” Deesdae wil mense nie kom, om te kyk nie. Hulle wat wel kom, kan somtyds nie tien minute, vyf minute sit nie, as jy hulle ontstel, is hulle weg. “Kom, kyk.” Moenie net inloer nie, staan en ondersoek dit.

27 “Kom, en kyk. En dan, gaan, en vertel.” Dit was wat Hy vir die vroue gesê het daardie oggend by die graf: “Kom, en kyk waar Hy gelê *het*, maar Hy is nie meer hier nie. Gaan dan, vertel vir Sy dissipels dat ‘Ek julle oorkant in Galiléa sal ontmoet.’”

28 Gaan, vertel vir wie? Sy verbouereerde dissipels. Hulle was beslis verbouereerd, en hulle het nie geweet wat om te doen nie. Baie van hulle het teruggekeer na hulle visnette, hulle wou teruggaan na visvang. Hulle was verbouereerd omdat hulle nie geweet het wat, hoe om dit bymekaar te sit nie. Hulle het absoluut vertrou dat Hy die Messias was, en hier was Hy dood, en—en hulle het nie geweet wat om nou te doen nie. Maar: “Gaan, vertel vir hierdie verbouereerde kerk dat Ek lewe, en Ek voor hulle sal uitgaan, en Ek hulle in Galiléa sal ontmoet, soos Ek belowe het om te doen.”

29 Daardie kerk, verbouereerd toe, is glad nie erger as wat die kerk vandag is nie. Dit is steeds verbouereerd, dit kan nie die Skrifte uitmaak nie, dit kan nie verstaan waarom Markus 16 in die Bybel geskryf is nie, en hulle, so verbouereerd, sê hulle: “Dit was nie geïnspireerd nie.” En hulle vind ander Skrifte, en sê: “Die Heilige Gees was van toepassing op ’n ander dag, en nie hierdie dag nie.” Hulle vind ander Skrifte waar wonderwerke gedoen moes word, en hulle maak aanspraak dat al die dae van wonderwerke verby is.

30 Praat van verbouereerd! Hulle is nou meer as verbouereerd, as wat hulle toe was, maar iets soos hulle was, want die enigste ding wat daardie dissipels gehad het om hulle te troos, was ’n vorige ondervinding. En die kerk vandag is baie so, selfs vir die Pinksters, probeer om hulself tevrede te stel met ’n Handelinge 2:4, een of ander vorige ondervinding. Maar, o, daardie boodskap van die lewende God lewe steeds vandag. Waarom is julle verbouereerd? “Ek gaan voor julle uit. Ek is nie dood nie, Ek lewe,” sê Hy: “vir ewig.”

31 Maar die verbouereerdes, hulle raak so verbouereerd dat hulle een of ander nuwe *isme* probeer organiseer, en dit is nie lank voor daardie nuwe *isme*, soos altyd, 'n *wasme* word nie. Hulle het 'n laatreën gekry, en 'n vroeë reën, en 'n middelreën, en 'n *hierdie*, en 'n *daardie*, en 'n *ander*, een of ander soort organisasie, denominasie, en wat gebeur daarmee? Dit sterf, net soos alle organisasie sterf.

32 En hulle is—hulle—hulle is verbouereerd: "Wel nou, ons weet nie wat om te doen nie, ons moet hierdie mense bymekaar kry. Ons—ons moet onsself afsonder van *hierdie* groep, of van *daardie* groep." Net steeds verbouereerd, sonder om te weet wat om te doen, hulle ken nie die ware Paasboodskap nie. Die ware Paasboodskap was nie, gaan maak organisasies nie, was, om te gaan en die Evangelie te verkondig, die krag van die Heilige Gees te demonstreer, en Hom die Kerk in Sy hand te laat neem. Maar hulle is steeds verbouereerd, weet nie wat om te doen, en hoe nie.

33 En die mense behoort te besef dat elke keer, deur die geskiedenis, ek vra enige teoloog, enige historikus, om my ooit te sê, dat waar God ooit 'n organisasie geneem het en enigiets gedoen het behalwe om 'n groep mense te maak. Dis 'n mensgemaakte stelsel. Nie die mense daarin nie, maar dis 'n stelsel van organisasie. En elke keer wat God 'n herlewing gestuur het, het Hy iemand weggeneem van een of ander organisasie om 'n herlewing te begin. En elke keer wat daardie man, wanneer, nadat hy die herlewing begin het, en die mense wat agter dit was, dit georganiseer het, het dit net daar gesterf en nooit weer opgestaan nie. Nou, wys julle my die geskiedenisbladsy, en nommer, van waar 'n organisasie ook al opgestaan het nadat dit eenmaal georganiseer het, dit het net daar gesterf. Hulle word doodgebore kinders, en dis dooie kinders. Wat hulle nodig het, is 'n Evangelie pakslae, presies, om dit weer Lewe te gee.

34 Nou, maar soos dit toe was, toe hierdie Boodskapper van die graf af gekom het daardie oggend, om vir hierdie dissipels te vertel dat Hy opgestaan het uit die dood, en lewendig was onder hulle, en voor hulle uitgegaan het, en Hy hulle sou ontmoet by 'n sekere bestemming, wat 'n pragtige ding is dit tog, ons Christus gaan steeds voor ons uit! Daar's 'n verklaring: "Ek sal julle in die lug ontmoet op daardie oggend." En die Kerk, Dit glo dit steeds.

35 Die ware, ware Kerk van die lewende God, ons wag vir daardie verandering om te kom, wanneer ons kyk na die proses van Sy Kerk, die Saad van Abraham, wat opkom soos hy Abraham het, en ons wag nou steeds vir daardie groot ontmoeting in die lug, waar ons Hom sal sien, opgeraap saam met hulle wat voor ons gewag het. Hulle sal opstaan uit die dood en ons sal lewend gemaak word in 'n oomblik, in 'n oogwink, en opgeraap word om Hom in die lug te ontmoet, en vir altyd

by Hom te wees. Ons het nog steeds 'n verklaring, en ons moet hieraan vashou, en dit glo met ons hele harte.

36 Maar hulle, in daardie dag, was te besig, aandag te gee aan ander dinge, en hulle nette uitgooi, en teruggaan na hulle visvang. Ons is vandag dieselfde ding, besig met soveel verskillende *dit*, *dat*, en die *ander*, en soveel *ismes*, en soveel denominasies, en soveel organisasies, en die hoofpriester. En ons moet regtig dophou met watter soort diens ons saamwerk, want die distrikssuperintendent sal ons uitgooi. En—en dan as ons na *so-en-so* 'n diens toe gaan, sal die pastoor ons uitgooi. En as die, o, die biskop sal iets aan ons doen, of die kerk sal ons ekskommunikeer. O, en ons is so besig om ons lidmate dop te hou om te kyk dat hulle na geen ander kerk toe gaan, of enigiets anders te doen het behalwe net met ons klein kliek, nie.

37 Ons is so besig daarmee, dis net soos om lidmate met mekaar te ruil, en dis net soos om een lyk van een lykshuis na 'n ander te neem, net presies. Weet nie die opstanding is al verby en ons geniet dit alreeds nie, maar net lyke omruil van een na die ander, net omtrent soos dit uitgedraai het.

38 O, dis moeilik vir hulle om dit te verstaan, dat ons Christus lewendig is, Hy's nie dood nie, maar Hy lewe vir ewig, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Maar ons is so besig, besig met soveel verskillende dinge, die kerk het soveel om te doen, en so besig met *dit* en *dat*, ons het nie tyd om na hierdie dinge te kyk nie. En as ons dit hoor kom van 'n boodskapper af: "O, dis stories soos hulle toe geglo het. O, daardie lawwe vroue was daar oorkant, dis moeilik om te sê wat hulle . . . Hulle maak iets op." Sien, ons is te besig met ander dinge. Waarom nie 'n bietjie tyd neem om dit te bestudeer nie? Gaan sit voor Hom, en: "Kom, laat ons die saak uitmaak, sê God. Al is jou ongeloof soos skarlaken, dit sal wit wees soos sneeu; al is dit rooi soos karmynrooi, sal dit wit wees soos wol."

39 Maar ons is *so* besig. Ons moet sien dat niemand van ons tweeheid, drieheid word nie, en ons drieheid nie eenheid word, ensovoorts nie, ons moet net seker wees dat ons dit dophou. En wat dit is, Christus wat die heeltyd in Sy Kerk lewe, en ons—ons, soos ek gesê het, dra van lykshuis na lykshuis, en daar het ons dit. Nou, dis net hoe dit toe was, dis hoe dit vandag is, omtrent dieselfde ding.

40 Party mense maak die Evangelie 'n begrafnisstoet. Dis reg. Hulle gaan na die kerk toe en net asof dit 'n begrafnisstoet was. Ander maak dit 'n rondspringery. Dis reg. Party van hulle maak dit net 'n rondspringery, net 'n lekker tyd om 'n klomp musiek te gaan speel, op-en-af te spring op die platvorm, oral oor die platvorm te dans, of in die paadjie af, en hardloop, gaan sit, en praat van hulle bure. Dis reg. Party van hulle wat dink hulle behoort te staan en die doksologie op te sê, en die apostoliese

geloofsbelydenis, *sogenaamd*. Ek wil hê, iemand, moet vir my een ding wys wat Daarin geskryf is, wat apostoliese geloofsbelydenis is. “Ek glo in die Heilige Rooms Katolieke Kerk.” Ek doen dit nie. “Ek glo in gemeenskap van die heiliges.” Dis spiritualisme, ek glo nie. Maar hulle is so besig om daardie dinge op te maak, en hulle maak dit ’n begrafnisstoet.

41 Dis nie ’n begrafnisstoet nie, en dit is ook nie ’n rondspringery nie, dis ’n fees, ’n fees saam met Christus, wanneer die gelowiges:

> “Kom eet,” roep die Meester: “Kom eet;”
> Jy mag die heeltyd aan Jesus se tafel feesvier;
> Hy wat die menigte gevoed het, die water verander het in wyn,

Daardie selfde Jesus is lewendig vanaand.

> Aan dié wat honger is, roep nou: “O, kom eet.”

Dis ’n fees en nie ’n—’n rondspringery nie, en dit is ook nie ’n begrafnisstoet nie.

42 Nou, die boodskap is Hy gaan voor ons uit, voor ons. Hy’s nie in ’n graf agter ons nie, Hy’s voor ons, om ’n weg te maak. Ons moet volg, nie om terug te kyk na die graf nie, maar om vorentoe te kyk, die weg wat Hy lei. Want Hy is ons Leier, ons moet Hom volg, nie terugkyk na die grafte nie.

43 Maria, daardie oggend, het die verbouereerde kerk goed voorgestel. Sy het dit goed voorgestel, want sy was in die—dieselfde kanaal waarin dit vandag sit. Wat het sy gesê toe sy Hom hoor praat het: “Maria, wat . . . ? Vrou, waarom ween jy?”

44 Sy het gesê: “Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie wat hulle met Hom gedoen het nie.” Dis omtrent hoe die kerk vandag staan: “Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar om Hom te vind nie. Ek het al hulle nagmale probeer, ek het al hulle waterdope probeer, ek het Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Pinksters, Katolieke, en almal probeer, en ek kan Hom nie vind nie. As die Skrif sê Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, is Hy iewers. As Hy nie dood is nie, dan lewe Hy, Hy kan nie lewendig en dood wees op dieselfde tyd nie.” So Maria het die kerk goed voorgestel, “Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle . . . wat hulle met Hom gemaak het nie.”

45 Die kerk dink vandag: “O, daar was ’n groot historiese Christus. Hy—Hy het die siekes genees, Hy kon die gedagtes van hulle hart onderskei. Hy was ’n historiese Christus. Hy het na die skares toe gekom, Hy het na Petrus toe gekom, en Hy het vir Petrus gesê, sy naam was Simon, gesê: ‘Jou naam is Simon, jou vader se naam was Jona.’ O sekerlik, dit was Jesus wat dit gedoen het. Dit was die teken van die Messias, volgens die Skrifte, wat die profeet gesê het.”

46 Hy het nooit een ding geleer nie, Paulus het ook nie. Toe Paulus voor Agrippa gebring is, het hy gesê: “Ek het net dit gepreek wat Moses en die profete gesê het sou gebeur. En waarom sou jy my veroordeel,” het hy gesê: “wanneer ek net gesê het wat Moses gesê het, wat die profete gesê het sou gebeur? Is dit ’n vreemde ding vir jou, o, Agrippa, om te glo in die opstanding van die dooies, ek wil hê jy moet weet dat God die opstanding van die dooies is?” So is Hy vandag nog.

47 Nou, maar Maria het gesê: “Wel, ons . . . Ek weet ek het Hom eenmaal geken.” Maar sy het geween in droefheid, omdat sy Hom eenmaal geken het, maar Hy . . . hulle het, hulle Hom weggeneem het. En dis hoe dit vandag is. Elkeen van ons probeer om een of ander soort van ’n filosofiese teologie te probeer afdruk, met een of ander sielkunde in iemand se keel en vir hulle te sê: “Ons—ons glo *dit*, en ons glo *dat*.” Maar Jesus het gesê: “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen.”

48 En die kerk het gesê: “Hulle het my Here weggeneem.” Wat het hulle met Hom gedoen? Tog, vandag, baie as gevolg van die laksheid, en traagheid, en gebrekkigheid van die kerk, glo dat die Joodse storie, destyds, wat vertel is, dat hulle Hom uit die graf kom steel het in die nag, ding nog steeds dat dit so is. Ek glo dit was omtrent sewentig persent van die Protestante wat nie eens geglo het in die—die fisiese opstanding, of die letterlike koms nie, ’n statistiek het dit gewys. Hulle ontken dit eenvoudig. Baie van hulle, duisende van hulle ontken die maagdelike geboorte.

49 “Hulle het my Here weggeneem.” Hoekom? Hulle moet. As jy nie in die fisiese opstanding kan glo nie, dan kan jy nie ’n Christus verkondig wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie. Jy nie Sy Woord kan vat nie, wat dan daarvan? Ons maak onsself ongelowiges en afgodedienaars. Geen wonder die kerkie roep uit nie: “Waar is my Here? Waar is die God van die geskiedenis? Waar is Jesus wat was, wat gesê het Hy sou met ons wees, Hy sou altyd voor ons uitgaan, en Hy sou in ons wees tot aan die einde van die wêreld, die werke wat Hy gedoen het?”

50 En wanneer die kerk dit sien gebeur, is hulle so besig om organisasies te maak, en as dit nie uit hulle organisasie gekom het nie, klassifiseer hulle dit as die duiwel, en gooi dit uit, net presies soos hulle toe het. So dis steeds ’n verboureerdheid!

51 “Hulle het my Here weggeneem. Ek het na die nagmaaltafel toe gegaan, hulle het vir my gesê as ek kom, die heilige oblaat neem, en—en glo in die kerk wat . . . Wel, ek het gegaan en ek het dit gedoen, en wat het ek gesien? Niks nie. Baie teologie, baie sielkunde, maar om my herrese Here te vind, het ek Hom nie gevind nie. Hulle het vir my gesê as ek besprinkel sou word, sou ek—ek dit beslis kry, en ek het so gemaak. Hulle het vir my gesê as ek gesig vooroor gedoop sou word, sou dit dit wees, agteroor, sou ek dit so kry. Ek het al die dope gedoen, ek het by al die kerke

aangesluit, ek het al hulle geloofsbelydenisse gelees, en waar is my Here? Wie het Hom weggeneem?"

52 "Hulle het Hom weggeneem." Wie het Hom weggeneem? Die organisasie het Hom weggeneem. Nou, ontken dit eenmaal, en ek sal vir julle bewys dat dit presies volgens die geskiedenis is, die ding wat Hom weggeneem het, dit het die Katolieke kerk gevorm, was 'n organisasie. En die Protestante draai reguit om, en doen dieselfde ding wat die Katolieke kerk gedoen het, 'n organisasie daaruit te maak. En wanneer jy dit doen, neem jy God weg. Hou die geskiedenis dop, hou die Skrifte dop, en kyk of dit nie presies vervul is nie. "Hulle het Hom weggeneem."

53 Ek het 'n broer daar oorkant, hy's 'n Eenheid, en ek het een hier oorkant wat 'n Tweeheid is, en ek het een hieronder wat 'n *iets anders* is, of so-iets. Wat is dit? Dis klein *ismes* wat, later, *wasmes* word. Dis reg. Maar wat is dit? Die boodskap bly steeds dieselfde: Christus het opgestaan uit die dood. Moenie 'n man wys na 'n organisasie, of na een of ander vorm van iets nie, wys hom na Jesus Christus, Wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy het opgestaan uit die dood, en Hy is die Een om na te kyk. Vandag wil ons hulle wys na party van ons groot skole van teologie, party van ons organisasies.

54 Maar haar genesing het gekom vir haar geween, en haar rou. Haar genesing het gekom, haar wanhoop was verby toe sy gehoor het haar naam word geroep, en sy het Hom as haar Here herken. En sy is gevra: "Waarom soek jy die lewende by die dooies?" En Maria het uitgevind dat haar Here nie in daardie dooie geloofsbelydenisse was nie. En sodra die kerk erken het, soos Maria het, dat ons herrese Here nie in 'n geloofsbelydenis is nie, dis in 'n persoonlike ondervinding van die doop van die Heilige Gees in die gelowige se hart. . . Hy's nie in 'n geloofsbelydenis nie, Hy's nie in die kerkorganisasies nie, Hy is nie, Hy's in die hart van die gelowige. Hy was nie by hulle dooie grafte, daarbuite nie, maar Hy was lewendig.

55 O, wat 'n—wat 'n boodskap om na die kerk toe te bring vanaand! Ontvang hulle dit? Nie meer as, toe. . . erger nou as wat dit toe was nie. Toe die dissipels dit gehoor het, het hulle geglo, en die Bybel het gesê hulle was bly. Die Bybel het gesê: "Toe hulle dit gehoor het, was hulle bly," toe hulle Hom ontmoet en herken het dat dit hulle Here was. So is dit vanaand, wanneer 'n man of 'n vrou, seun of meisie, wat gewillig is om uit te stap buite die geloofsbelydenis van jou kerk. Ek sê jou nie om nie aan jou kerk te behoort nie, dis alles reg, maar moet jy nie net jou siel wegsteek agter daardie geloofsbelydenis, dink dit sal jou red nie. Jy sal nooit gered word totdat jy Christus vind as jou persoonlike Verlosser en Sy Gees jou lewe vul nie, dan sal hierdie tekens diegene volg wat glo.

56 Nie 'n ronddansery, soos julle baie van die Pinksters sien

doen het nie, nie 'n lykshuis, soos julle baie van die res van hulle sien doen nie, en die Pinksters is nou omtrent klaar met hulle ronddansery, hulle is ook terug by die lykshuis. Nie so nie, jy stel hulle nie daaraan bekend nie, maar aan 'n lewende, herrese Christus. Amen. Dis wat ons moet . . . Dan het julle vreugde. Soos die dissipels, wanneer jy Hom ontmoet, en jy weet, en toe Hy die teken voor hulle gedoen en hulle gewys het dat Hy dieselfde Jesus was, dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het, niemand anders kon dit doen behalwe Hy nie, en hulle het herken dat Dit hulle Here was en hulle was bly.

57 Wel, Theofilus en hulle, dit het hulle heeldag lank geneem om oor te gaan na Emmaüs, 'n Sabbatdag se reis, dit het hulle net 'n paar minute geneem om terug te kom. O, nadat hulle die waarheid uitgevind het, dat Hy opgestaan het, want hulle het Hom Sy Woord sien hou, en Dit vervul, en doen presies soos Hy het voor Hy gekruisig is, hulle het oor die land gevlieg, ek veronderstel hulle het net elke vier of vyf treë grondgevat. Hulle was haastig, hulle wou vir die res van hulle sê: "Waarlik, die Here het waarlik opgestaan!" Hulle het iets in hulle hart gehad.

58 Hulle het nie soontoe gegaan om oor hulle godsdienstige punte te argumenteer nie, hulle het soontoe gegaan om te sê: "Ek weet Hy lewe. Ek ken Hom omdat Hy aan ons verskyn het, en ons het Hom dieselfde ding sien doen wat Hy gedoen het voor Hy gesterf het, voor hulle Hom daarbo doodgemaak het. En hulle het nooit Sy liggaam weggesteel nie, en die vroue is presies reg, want Hy het opgestaan uit die dood, omdat dit Hy was."

59 Toe het hulle na mekaar gekyk toe hulle gestop het onder 'n, iewers om 'n bietjie te rus: "*Hyg*, *hyg*, *hyg*." En gesê: "Was ons harte nie brandende in ons nie? *Hyg*, *hyg*. Ons behoort te geweet het dit was Hy, manier waarop Hy die heelpad teruggegaan het in die Skrif. Ons . . . Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad, en die Skrif oopgemaak het nie?"

60 Gesê: "Onverstandiges en," Hy het nie . . . "traag van hart om te verstaan. Moes Christus nie gely het, en in Sy heerlikheid ingegaan het," soos die Skrif gesê het nie.

61 Sien, hulle het geweet dit was Jesus, want Hy was reg in lyn met die Skrifte, maak nie saak wat die ander gesê het nie. En hoe gouer die kerk 'n punt bereik wat dit in lyn sal wees met die Skriftuurlike leer in plaas van om een of ander mensgemaakte teologie te probeer volg, hoe vinniger sal julle die herrese Christus vind. Dis reg, my broer. God bou op geen ander fondament as wat alreeds deur die apostels gelê is nie. Dis reg. O! Ja, hulle was bly.

62 Kerke van vandag het egter verander teenoor wat hulle op die Dag van Pinkster was. O, hoeveel het hulle verander van daardie dag af! Kerke vergader vandag om te vereer, skynbaar,

ek haat om dit te sê, maar dit lyk vir my asof kerke vandag vergader om 'n lyk te vereer. Hulle gaan in die plek in en hulle sing *Nader, My God, By U*, en een of ander soort van 'n stadige, *lykshuis* ding soos daardie, dit maak 'n droewige geluid. Wel, hulle—hulle kom na jou toe, sê: "Nou, laat ons nou die apostoliese geloofsbelydenis opsê. Laat ons hierdie *sekere-sekere* geloofsbelydenis herhaal wat Dr. *So-en-so* van die *sekere-sekere-so*, *so-en-so* . . ." O, goeiste! Asof jy jammer was daaroor.

63 En die helfte van hulle bly by die huis om na die televisie te kyk, in plaas van om Sondag kerk toe te kom. Dis reg. Dood, net—net 'n lyk wat rondbeweeg, en dan 'n lyk wat preek, en 'n lyk wat probeer, vertel van 'n lyk wat eens gelewe het, en baie jare gelede in 'n graf gelewe het, 'n lyk. En net lyk, lyk, lyk!

64 Hulle gaan om 'n Christus te vereer wat negentienhonderd jaar gelede gesterf het. Dis amper presies waar die kerke vandag is, om 'n lyk te probeer vereer, in plaas van om 'n Oorwinnaar te verwelkom. Amen. Glorie aan God! Ek is bly om Pinkster van hart te wees, nie deur denominasie nie, nee, meneer, vee my naam daarvan af, maar as 'n ondervinding. Ons kom nie, om een of ander dooie man te vereer nie, ons verwelkom 'n Oorwinnaar, Wat die dood, die hel, en die graf oorwin het, en siekte, elke demoon, elke ongeloof, dit oorwin het.

65 Nou, kan julle julle voorstel as hierdie skool, hier, 'n bofbalspan gehad het, of 'n basketbalspan, en hulle het uitgegaan en hulle opponent oorwin en teruggekom, kan julle julle voorstel dat hulle staan soos, wat een of ander liedjie sing soos *Nader My God By U* vir hulle? Wel, hulle waai vlae en verwelkom hulle en maak . . . Wat van toe Napoleon teruggekom het? Wat van Stalin, toe hulle in Duitsland ingegaan het, hoe hulle die gewere afgevuur het en die Duit- . . . , of, die—die saluut, en hulle bene oor daardie Russiese saluut gekruis het? Wat van toe ons kêrels teruggekeer het huis toe van hulle oorwinning af? Die fluitjies het geblaas, die mense het te kere gegaan, hulle het gewere geskiet, hulle het geskree, hulle het klokke gelui. Hoekom? Ons het ons vyand oorwin. Glorie!

66 En vandag sou jy dink jy's by een of ander soort lykshuis, in 'n kerk in te gaan en hulle: "Ons *glo* in God die *Almagtige* Vader." Ek glo in 'n herrese Jesus Christus, amen, 'n Oorwinnaar van die dood, hel, en die graf. Ek glo dat Hy lewendig is vanaand, en in hierdie gebou is, lewendig, met ons volgens Sy belofte, "Waar twee of drie ook al vergader is, daar sal Ek in hulle midde wees." Ja, meneer. Nie een of ander begrafnisdiens nie, maar om 'n Magtige Oorwinnaar te verwelkom!

67 Maar die probleem met ons is, ons kyk nie na ons Oorwinnaar nie, ons kyk na ons priester, ons kyk na een of ander groot evangelis, iemand wanneer . . . ons kyk na wat hulle daarvan sê, ja, meneer. Ons—ons—ons kyk na mekaar, maar ons word beveel

om na Hom te kyk. Ons kyk om te sê, nou as daar *enigiets* is wat aangaan, "Wel, die Here het 'n sekere ding gedoen, Hy het iemand genees, Hy het iets anders soos daardie gedoen."

68 Maar: "Wel, nou," sou ons sê: "kom ons kyk wat Dr. Jones daarvan sê. As ons kerk dit nie glo nie, sal ons—ons dit nie ontvang nie." Sien? Julle kyk na wat die priester sê, julle kyk na wat die biskop sê, dan sal julle Christus nooit sien nie.

69 Toe hulle gehoor het dat Jesus uit die dood opgestaan het, en so onder hulle verskyn het, het hulle nie gestaan en na mekaar gekyk nie, hulle het na Hom gekyk. Hulle het Sy littekens gesien, hulle het Sy krag gesien, hulle het Hom die wonderwerke sien doen wat Hy gedoen het voor Hy dood was, en hulle het geweet dit was hulle lewende God, en hulle het nie na mekaar gekyk nie, hulle het ook niemand gevra om na hulle te kyk nie.

70 Maar vandag, kom hoogmoediges uit: "Ek is Dr. *So-en-so* met 'n *so-en-so* geleerdheid. Ek is Ph.D., LL.D., Q.S.T.," en al hierdie ander soort van—van dinge, en waar is Christus in dit alles? Wat het ons? 'n Lykshuis, en aanbid 'n dooie Christus in 'n graf. Ons aanbid nie 'n dooie Christus in 'n graf, die lewende Kerk, die Kerk van die lewende God nie, ons aanbid 'n herrese Oorwinnaar, Wat ons ongeloof oorwin het, en al daardie geloofsbelydenisse, en hulle onder Sy voete vertrap, en gesê het: "Ek is joune, en jy is Myne." Amen. "Ek lewe vir ewig." Dis die Groot Oorwinnaar, Dis die Een, Dis die Een waarna my geloof kyk.

71 Wat ons vandag wil doen, is om nie te kyk na daardie arme, treurige knoffeleters destyds, daar in die woestyn, wat die vleispotte van Egipte wou hê, kortbroeke-en-rokke gedra het en gegrimeerde lippe, en hulle hare sny, en die krag van God ontken nie, los hulle uit, hulle sal vergaan daar in die woestyn, laat ons ons groot Josua volg, halleluja, ons Leier. Moenie enige vrae vra nie, bly net in pas, dis al. Beweeg net aan. Moenie terugkyk na hulle nie, moenie enige aandag aan hulle gee nie. Hulle in Egipte wil bly, en dors na die dinge van die wêreld en al hulle ou filmsterre en nabootsers en alles, laat hulle voortgaan. Ons kyk na Jesus, ons kyk na ons Josua.

72 Ons kyk nie na die dors nie. Die probleem is vandag, julle sê: "Nou, wag, jy behoort nie te drink nie, jy behoort nie na filmvertonings toe te gaan nie, jy behoort *hierdie* nie te doen nie, jy behoort nie... vroue behoort nie hulle hare te sny nie, hulle behoort nie kortbroeke te dra nie." O, ek stel my voor as iemand ooit oorkant in die ander Land gekom het, en ooit van die druiwe van Kanaän geëet het, bietjie van die granate geëet het, en van die goeie heuning daar oorkant, wil hulle nie nog enige knoffel van die wêreld hê nie.

73 Die ding is, ons voed hulle net op ou knoffel en goed, en laat hulle dors en maagpyn kry, verskoon daardie uitdrukking, dis nie reg in die—in die preekstoel nie. Maar gaan terug, as hulle

wil gaan na die wêreld, laat hulle teruggaan, ons gaan vorentoe. Ons gaan in . . . gaan ons volg . . . Nie net terug na Handelinge 2:4, daaragter ronddwaal oor dieselfde grond rond nie. Wat het hulle gedoen? Hulle het veertig jaar daar gebly, en daar gesterf. Reguit terug oor dieselfde ou ding, die heeltyd. Dis alles reg, Handelinge 2:4 is deel daarvan, maar die ding is, Hy het gesê, eendag, aan Sy . . . "Staan op, julle was veertig jaar op hierdie berg, draai noord, steek die Jordaan daar oorkant oor, die skeiding, want daar's meer as hierdie berg vir julle." Daar's meer as Handelinge 2:4 vir julle, elke belofte in die Boek behoort aan die Kerk, en God wag vir Sy Kerk om op te staan en dit te ontvang.

74 Hoe kan jy dit doen wanneer jy steeds dors en soos die wêreld wil wees? Hoe kan hulle dit doen wanneer hulle steeds eet, verlang na knoffel, die vleispotte van Egipte? Nee. Bly in pas met Josua. Dis reg. Kry die nuwe druiwe en die nuwe Pinksterwyn, word dronk Daarvan, Broer, jy sal nie—jy sal nie—jy—jy sal nie eens meer na die wêreld kyk nie, *iets* sal met jou gebeur.

75 O! Laat ons net vorentoe gaan, die voetstappe van ons groot Leier volg, en dit oorwin. Onthou, God het vir Josua gesê: "Elke plek waarop die sole van jou voete trap, dis besitting." Broer, dan beteken voetstappe besitting. Laat ons net aanhou instap in die Beloofde Land, nie terugkyk om te sien wat destyds daar gebeur het, en wat iemand anders doen nie, hou julle oë op Jesus, die Josua, die Leier. Hou net aan beweeg, dieper dieptes en hoër hoogtes, totdat julle alles in besit neem wat God julle in Sy Woord belowe het.

76 Alle mense kan dit nie ontvang nie. Hierdie is verberg vir die oë van die wêreld, en dwaasheid vir hulle, maar hulle wat gebore en uitverkies is tot Ewige Lewe, glo dit. Ons sien die uur waarin ons lewe. Laat ons vorentoe gaan, hierdie onthou, dat ons Iets agter ons het, Jesus het gesê, toe Hy Sy dissipels gestuur het: "Aan My is alle mag gegee op hemel en aarde." Sekerlik. Dis agter ons. Wat? Vir elke belofte wat Hy gemaak het, omdat alle mag aan Hom gegee is, het die Vader alle mag aan die Seun gegee. "En alles wat in die Hemel is, elke krag in die Hemel, behoort aan My," het Jesus gesê: "en Ek's met julle." Iets om ons te ondersteun.

77 Onthou dit wanneer ons gaan, daar's Iets—daar's Iets agter ons, Iets in ons, en Iets voor ons. Amen. Dit is: "Kom, glo, en gaan." Iets agter ons, Iets in ons, en Iets wat voor ons uitgaan. Hy was, Hy is, en sal kom. Dieselfde Jesus wat was, is dieselfde Jesus vanaand, en dieselfde Jesus wat sal kom; dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. "Kom, glo, en gaan, en vertel iemand anders daarvan." Amen. O, ek hou daarvan. Glorie aan God!

78 Sy lewe, wat Hy vir ons was, is Sy lewe wat verby is, Hy het ons gegee wat Hy was sodat ons nie mislei sou word in wat Hy vandag is nie. O, ek hou daarvan. Amen. Moenie enigiemand se woord daarvoor vat nie, vat God se Woord daarvoor. Die Bybel

het gesê, Jesus het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle bly, kan julle vra wat julle wil, en dit sal gegee word." Jesus het gesê: "Die . . . Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Jesus het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

Hoe weet ons? Mense sê: "Wel sekerlik, ek glo dit."

79 Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Daardie tekens is nie op jou nie, gesê: "Hulle mag wees, hulle sal waarskynlik, hulle behoort te," Hy het gesê: "Hulle *sal*." Goed. "Hulle *sal* hulle volg wat geglo het." Ja, meneer.

80 En wat het Hy agter gelaat? Hy het Sy lewe wat verby is agter gelaat om ons te wys wat Hy was. Dis wat agter ons is, sodat ons kan sê wat in ons gaan wees. O, ek nie . . . Sjoe! Ons terugkyk om te sien wat Hy was, dan kan ons nou sien, wat Hy is. Jesus was nooit 'n hardnekkige teoloog nie, Hy het hulle 'n klomp skynheiliges genoem, en slange in die gras, en alles, gewitte mure, grafte vol doodsbeendere; Hy het hulle uitgeskel. Hy het nooit by enige van hulle groepe aangesluit nie, maar Hy het gebly by die Boodskap van die Vader. Hy het by die Skrifte gebly: "Is dit nie in julle Skrifte geskryf nie?" Maak nie saak wat hulle wou sien, en wat hulle wou doen nie, hulle wou hê Hy moet *hierdie* een oprig en *daardie* een doen, Hy het gesê: "Ek doen wat die Vader My wys om te doen. Ek doen niks uit Myself, behalwe wat Ek die Vader dit eers sien doen nie."

81 Moses het gesê Hy sou 'n Profeet wees, die Messias was, en Hy sou die gedagtes van hulle hart onderskei. En Jesus was God se Woord wat gemanifesteer is, "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Hy was God in vlees, en dis waarom die Woord van God in Christus was, en Hy was die Woord van God, en die Bybel het gesê, dat die Woord van God, in Hebreërs die 4de hoofstuk, skerper is as 'n tweesnydende swaard. Hoe gaan jy dit doen en behoort aan een of ander organisasie, sê: "Sê jy dit en ons sal jou uitskop"? Hoe gaan jy dit doen? Ellendig. O, goeiste!

82 Ek—ek weet ek maak vyande, maar ek maak vriende Daar, so dis die belangrikste. Sien, ek gee nie om wat die mens sê nie, dis wat God sê. Sê vir my dit is nie die Woord nie. Kyk waar ons gekom het, kyk rondom jou en kyk hoe ons sterf. Staan op en skud jouself, kom terug na 'n Paasondervinding van die opstanding dat Jesus Christus vandag lewe. Hy lewe nou vir ewig. Ja. Nie . . .

83 Hy's dieselfde vandag. Hy het gister aan ons verskyn en bewys wat Hy agter ons was, dat Hy mag wees Wat in ons is. En 'n—'n plaasvervangende gedagte in ons gemoed van wat Hy

sal wees: As dit so glorieryk is wanneer Hy nou onder ons afkom, wat sal dit wees wanneer ons 'n liggaam soos Syne het? Dan sien ons ons het Iets aan die agterkant, wat voor ons uitgaan, voor ons uitgegaan het om 'n plek vir ons voor te berei. Dank God ons sal nie altyd aardsgebonde skepsels hoef te wees nie!

84 Hy's weg, Hy is. . .Hy was, ons sien wat Hy was, ons kyk terug en sien wat Hy was, so ons sien wat Hy vandag is. As Hy 'n Onderskeier was van die gedagtes van die harte in daardie dag, toe Hy die Woord was, as Hy vandag hier is, is Hy dieselfde Onderskeier van die gedagtes van die hart. Wat Hy was, is Hy vandag, en sal vir ewig wees. As Hy 'n liefdevolle Verlosser destyds daar was, die Skepper, is Hy dieselfde liefdevolle Verlosser, Skepper vandag, en Hy's agter ons, binne-in ons, en voor ons. "Kom, en glo, en gaan, en vertel iemand anders."

85 Ons glo dit nie, of ons sou nie so dood gesit het met al ons *ritualismes* nie, laat hulle opstaan en laat hulle sit, en ons almal. . .op Sondagoggend, ons harte sou brand met Pinkster Vuur, dat ons dit nie kon uithou nie. Dit was so veertig jaar gelede in die Pinksterkerk, maar julle het dit georganiseer, dit doodgemaak. Julle het doodgemaak—julle het die—die—julle het hulle doodgemaak wat dit wil glo, maar daar's sommige wat dit nie glo nie, hulle lewe aan.

86 Toe die Vuurkolom, waar Dit gestop het, het die kinders 'n klein kampie gemaak, hulle het nooit hulle tente permanent opgeslaan nie, want wanneer daardie Vuurkolom ook al beweeg het, het hulle Daarmee saam beweeg. Luther het Dit gesien en hy het uit die Katolieke kerk uitgekom. Maar toe Luther gesterf het, wat het hulle gedoen? Hulle het dit georganiseer, die Vuurkolom het uitbeweeg, en Wesley het Dit gevolg. Toe Wesley gesterf het, het hulle dit georganiseer, wat het toe gebeur? Die Vuurkolom het aanbeweeg, en die Pinksters het Dit gevolg. Sekerlik, die doop van die Heilige Gees. Nou, die Pinksters het georganiseer, en wat doen die Vuurkolom? Aanbeweeg, en die Pinksters sterf. Wel, dis net—net presies reg. Nie, die Pinksterondervinding sterf nie, maar die Pinksterorganisasie sterf nie, dit is dood. Dit het dit gedoen toe dit georganiseer het.

87 Hulle is dood, elkeen. 'n Mens kan nie—mens kan nie noem. . .Die ketel kan nie die pot vetterig noem nie, want dis net dieselfde. Dis reg. Eenheid kan nie skree teen Tweeheid nie, en Tweeheid kan nie skree teen Drieheid nie, en Gemeentes kan nie skree teen Kerk van God nie, en Kerk van God kan nie skree teen Verenigde nie, hulle is almal in een groot bondel. Toe hulle georganiseer het, het hulle Dit doodgemaak, hulle het Dit nooit doodgemaak nie, hulle het Dit uit hulle midde uitgedryf, want hulle het 'n sirkel getrek en: "Ons het *hier* ingegaan." God is 'n universele, almagtige, alomteenwoordige God, Hy's gebonde aan geen mens se geloofsbelydenisse nie. Amen. As Hy lewe, bewys Hy dit, as Hy dit nie bewys nie, dan is Hy nie.

88 “Kom, glo, en gaan, sien.” Ja, meneer. Die probleem daarmee is, vir die wêreld, hulle probeer, die kerk probeer om die wêreld ’n groot klomp ver—vermaak te gee. [Leë kol op band—Red.] . . .?. . . op hulle gronde, ons is nie veronderstel nie. Wat doen ons? Ons gee hulle net ’n yslike groot pot gaar, godsdienstige mulligan-bredie. Dis al. Noem dit sosiale partytjies, en klein bunko-speletjies, en sop-etes om die prediker te betaal. Onsin! Dis geen manier om ’n kerk te bestuur nie. God het die Heilige Gees gestuur om die Kerk te bestuur. Reg. Maar ons probeer die wêreld gee. . . Wel, jy kan nie daardie mense daarmee trek nie, hulle het dit alreeds. Hulle is geniaal met vermaaklikheid. Hulle is geniaal, so ons kan niks vir hulle doen nie.

89 Laat ons vir hulle Iets gee wat hulle nie het nie. Halleluja! Die een Ding wat hulle nie het nie, is Jesus. Amen. Moenie probeer om saam met hulle te vermaak nie, julle ontmoet hulle op hulle grond. Verkondig Christus, en laat hulle op *hierdie* grond kom, en uitvind wat hulle het. As hulle in die knoffelland wil bly, laat hulle bly. Ons moet hulle nie daar ontmoet nie, ons is nie nabootsers nie, ons is apostels. Halleluja! Ons doen nie. . . Ons is nie ape, soos hulle sê ons is nie, ons is seuns van God, geskape na Sy beeld. Onsin vir daardie klomp! Kom weg daarvan, daar’s ’n lewende Christus. Amen.

90 O, die een Ding wat hulle nie het nie, is Jesus. O, ons—ons kan hulle almal gee. . . O, hulle het baie sielkunde, filosofiese godsdienste, en alles. O, o, goeiste, hulle—hulle is—hulle is gelaai daarmee, maar daar’s een Ding wat hulle nie het nie, is Jesus. Dis reg. O, hulle het vermaak, hulle kan ’n groter basketballawaai maak as wat jy kan, sekerlik kan hulle, hulle kan mans op daardie filmskerms sit, daarbuite, wat enigiets kan uitstof wat julle kan doen. Dis reg. Hulle is geniaal daarmee, moenie met hulle probeer vergelyk nie. Het Jesus nie gesê die kinders van die wêreld, wat hulle is nie? Dis reg.

91 Maar daar’s een Ding wat hulle nie het nie, dis Jesus. En dis wat ons veronderstel is om te verteenwoordig, om hulle te vertel. Nie dat ons ’n groot gimnasium het, en ons die grootste Sondagskoolklas het, en—en ons *hierdie* weggee, en ons aandetes het, en ons *hierdie* vir ons kerk het, en danse nie, “As julle sal kom aansluit by ons kerk, ons het elke Woensdagaand ’n dans. Elke Donderdagaand, na die biduur verby is, hou ons ’n dansie in die kelder.”

92 Hier nou die dag toe hierdie, het julle hierdie foto van Londen gesien, wat ingekom het op die skerm, waar daardie jong idioot daar oorkant, ’n klomp van die, ’n Presbiteriaanse kerk, ’n—’n beatnik toneelstuk van die opstanding opgevoer het, of, die kruisiging? Ek het dit net hier in die koerant, en dit het net oral oor Engeland opslae gemaak. Dit was in ons koerante hier. Hulle het ’n seun gehad wat aangetrek was met sy lekkergoed-streep-hemp aan, en jeans afgetrek oor sy heupe, en hy was Jesus.

Hulle het nog een gehad, Judas, en hy het ’n kitaartjie gespeel soos *hierdie*, op-en-af geloop, landwyd uitgesaai: “Ek gaan hom vanaand kry, skat, ek gaan hom uitverkoop.” En alles soos dit. En ’n meisie wat ruk-en-rol, sê, van Jesus, sê: “Ek is lief vir my ma, ou maat, is dit nie goed genoeg nie, skat?” Soos daardie. Rondgeloop soos daardie, wanneer ’n godsdienstige kerk so laag daal soos daardie, is sy verlore! Wat het die mense gedoen? Hulle het gedink dit was wonderlik.

93 Wel, julle dink dis iets? Reg onder in ons eie land, elke Donderdagaand in ’n sekere groot, organisatoriese kerk, bied die pastoor, en almal van hulle, ’n beatnik-speletjie aan. Foto op die voorblad met ’n lang baard, ’n beatnik.

94 ’n Sekere denominasionele kerk, my vriend het my nou die aand geskakel om soontoe te kom, van ’n groot heiligheidsorganisasie, en hulle het ’n beatnik gehou, of, nee, ruk-en-rol partytjie. En selfs die man wat die uitsending gedoen het, het gesê: “Is jy nie bang dat jy ’n bietjie kritiek sal kry nie?”

Hy sê: “Lank het die *sekere*, hierdie kerkorganisasie, die pragtige kuns van ruk-en-rol vergeet.”

95 Wanneer dit kom by ’n plek waar die kerk vermaak moet aanbied, is dit ’n ellendige, afvallige, hel-bestemde groep mense! Wanneer dit by die punt kom dat ons nie Jesus Christus kan verteenwoordig in die krag van Sy opstanding nie, vou jou deure toe en gaan terug na die wêreld, want jy’s in elk geval dood. Amen. Ja, maar dis reg. Um-hum. O, ja.

96 Ons kan nie helderder glinster as hulle nie. Hy is ’n Lig, Hy is ’n Gloed, nie ’n glinster nie. Jesus nie, is nie ’n glinster soos die wêreld glinster nie, maar Hy is ’n sagte Liggloed. Amen. En jy kan Dit nie *skyn* nie, jy moet Dit laat skyn. Julle moet Dit nie probeer opwerk nie, want dit sal nie werk nie. Dis wat die probleem is. As hulle hulle nie op een manier kan kry nie, kry hulle hulle op ’n ander manier. As hulle dit nie kan opwerk, om te probeer om hulle lig te laat skyn nie, wat doen hulle? Wel, hulle probeer . . . Dis kunsmatige opsmuk. Jy kan Dit nie laat skyn nie, laat Dit net skyn. O, halleluja!

97 Hoe laat is dit? Ek het my horlosie alarm gehoor, en ek is oor die tyd. Hy het opgestaan uit die dood, Hy is lewendig. Wat is die boodskap vandag? “Kom, glo, gaan vertel ander dat Hy opgestaan het uit die dood.” Hy’s lewendig, en Hy verskyn aan die uitverkore Kerk vanaand. Soos Hy toe verskyn het, wat Hy toe doen, ek het julle altyd gesê dat God oneindig is en nie kan verander nie, en as dit Sy gesindheid teenoor die wêreld was toe, na Sy opstanding, is dit dieselfde ding vandag. En Jesus het dieselfde ding getuig deur te sê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.”

Laat ons ons hoofde buig.

98 Here Jesus, somtyds wonder ek—ek of ek nie buite myself is, wanneer ek daaraan dink om die verskriklike vloek te sien wat oor hierdie wêreld kom, wanneer ek dink aan die kerke wat probeer om vermaaklikhede te wees, wat die wêreld probeer navolg. Here God, o, U—U het gesê: "Vader, Ek bid dat U hulle uit die wêreld sal uitneem. Neem die wêreld uit hulle uit, hou hulle van die wêreld af weg." U het gebid dat hulle mag wegbly, U dissipels, van die wêreld, en hier gaan hulle reguit terug na die wêreld, om te probeer vergelyk met die wêreld.

99 God, skenk, help Here, dat iemand die Boodskap kry, sekerlik, hulle sal weet. U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. U is nie dood nie, maar lewe vir ewig. Ons glo U, Here. En hoe kan 'n man glo tensy U hom roep? Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers roep nie. En almal wat My Vader geroep het, geroep het, sal kom." En ons weet dis reg. Hulle sal kom. En dis net ons plig om dit te preek, en die spaanders te laat val waar hulle ook al wil, en die skape hoor die Stem.

100 God, sekerlik, nadat van U gepraat het, van U opstanding, die grootste nuusflits wat ooit oor die wêreld geflits het, is "Christus het vir ons gesterf, en is weer opgewek, lewe in ons, beweeg saam met ons, lewe saam met ons, om Homself in ons te bewys, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Here, ek ken geen groter ding nie.

101 Ek bid nou, dat baie gelowiges sal glo vanaand, dieper, dat baie ongelowiges sal glo vir hulle eerste keer, dat baie wat nie gevul is met die Heilige Gees nie, gevul sal word en 'n apostel van U sal word vanaand, 'n groot dissipel om U te volg, en ander te gaan vertel. Mag hulle in die Bybel inkyk en sien dat Hy gesterf het, sodat ons hierdie voorreg kon hê. Mag hulle glo wanneer hulle Hom sien verskyn, en mag hulle dan die kerk verlaat, en ander gaan vertel dat Jesus lewe. Mag hulle gaan met harte, en ligte voete en ligte hart om ander te vertel, soos Theofilus en sy vriend het, wat van Emmaüs af gekom het.

102 O Here, sal U voor ons verskyn vanaand, hier? Kom in ons midde en doen iets aan die. . . vir hierdie mense, net soos U het voor U gekruisig is, dat hulle mag weet dat die Boodskap van die uur waarlik is, dat U opgestaan het uit die dood. Ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

103 Dis eintlik afsluitingstyd, maar ek glo, my seun het my daar by die deur ontmoet, en gesê hy het gebedskaartjies uitgegee, en die opsigter het vir my gesê, of, die seun wat sorg vir die ligte, dat hulle gebedskaartjies uitgegee het om voor gebid te word. Hoeveel, is daar enige hierbinne wat nog nooit tevore in enige van my dienste was wat ek vir die Here gelei het nie? Steek julle hande op, nooit in een van hulle was nie. O, wel, ons mag dan onderskeiding hê.

104 As julle het. . .Is enigiemand hier wat in ’n. . .wat gehad het. . .wat almal van julle was, soos ek hoop hier in Chicago was, baie dienste soos wat ek gehad het. . .? Ek wou net vra dat Broer Tommy hiernatoe sal kom en staan, en laat ons vir hulle bid, om die kaartjies deur te kry, maar as daar niemand hier is wat ooit. . .Ek sien twee derdes van die gemeente was nog nooit in ’n ander diens nie.

105 So nou, wil ek dit sê: ek maak nie aanspraak om ’n geneser te wees nie. Enige man wat aanspraak maak om ’n geneser [Eng. “healer”—Red.] te wees, hy is ’n *bedrieër* [Eng. “heeler”—Red.]. Dis reg. Nie ’n g-e-n-e-e-s [Eng. “h-e-a-l.”], egter nie. Sien? Maar ons—ons. . .Dis Christus wat die Geneser is. Jesus het alreeds, by Gólgota, jou saligheid gekoop en jou verlossing gekoop, Hy het jou genesing gekoop. Hoeveel weet dat dit waar is? Die enigste ding wat Hy kan doen, is om Sy Woord te wys, en Sy belofte te hou. Is dit reg?

106 Toe Hy hier op aarde was, het Hy aanspraak gemaak om ’n Geneser te wees? Nee, meneer. Hy het gesê: “Ek kan niks uit Myself doen nie, maar wat Ek My Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so,” Johannes 5:19. Hoeveel weet dat dit waar is? Ja. Dan het Jesus nooit niks gedoen, totdat Hy ’n visioen gesien het nie.

107 Onthou julle in hoe Hy. . .? Hoe. . .? Wat was die teken van die Messias? Wie weet wat die Messiasteken moes wees? ’n Profeet. Is dit reg? ’n Onderskeier van gedagtes en om vooruit te sê. Alle Jode glo dat Hy was ’n. . .die Messias behoort ’n—’n Vooruit-verteller te wees, Hy sou—Hy sou weet wat was, en wat sou wees, en wat reeds was, dit was die teken. Almal. . .God het gesê: “As daar een onder julle is wat geestelik is, of profeet, sal Ek die Here Myself aan hom bekend maak, met hom praat in drome en in visioene. En as wat hy sê gebeur, vrees dan daardie profeet, want Ek is met hom. Maar as dit nie is nie, moet julle dan nie na hom luister, hom glad nie vrees nie, want Ek is nie met hom nie.” Wel, dit maak net sin.

108 En die Jode het altyd, God se uitverkore mense, altyd onthou God het met hulle gepraat deur die profete. Hebreërs 1 het gesê: “God, het baiekeer tot die vaders gespreek deur die profete, in hierdie laaste dag deur Sy Seun, Jesus Christus,” nou, in hierdie laaste tye, weet alle Skriflesers dit, in Hebreërs 1, Hebreërs 1:1. Nou, laat ons by die begin begin: “God, het baiekeer op baie maniere gespreek tot die vaders deur die profete, in hierdie laaste dae deur Sy Seun, Christus Jesus.”

109 Nou, wat was Hy? Hy was die Koning van die profete, Hy was die grootste van al die profete, want Hy was *die* Profeet: “Die Here Jou God sal ’n Profeet soos ek oprig.” Hoeveel weet dat Moses dit gesê het in. . .? Ja. Wel toe, toe Hy gekom het en vir Petrus gesê het wat sy naam was, Simon, en toe, gesê het sy

naam was Petrus, toe Hy vir Natánael gesê het Hy het hom onder die boom gesien voor hy gekom het, het Natánael gesê: "Waarlik, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

110 Toe Hy die vrou by die put vertel, gesê het: "Bring vir My water om te drink."

En sy het gesê: "Wel, Jy 'n Jood, vra vir my 'n Samaritaan? Ons het segregasie hier, ons assosieer nie met mekaar nie."

111 Wel, Hy het gesê: "Maar as jy geweet het Wie met jou praat, sou jy vir My water gevra het om te drink. Ek gee vir jou water wat jy nie kom skep, hier by hierdie put nie." En Hy het die gesprek voortgesit. Wat het Hy gedoen? Kontak gemaak met haar gees. Toe, toe Hy uitgevind het wat haar probleem was . . . Hoeveel weet wat haar probleem was? Sy het te veel mans gehad. So Hy het vir haar gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

"O," het sy gesê: "ek—ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf mans gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie, so jy het die waarheid gepraat."

Nou, hou daardie vrou dop, sy het meer van God geweet as die helfte van die predikers van Chicago. Dis reg, dis reg. Sy het gesê: "Meneer . . ."

Nou, kyk wat daardie predikers gesê het toe hulle Hom dit sien doen het, hulle het gesê: "Hy's 'n fortuinverteller, Beëlsebub."

112 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor, maar eendag kom die Heilige Gees om dieselfde ding te doen, en julle 'n woord daarteen sê, sal dit nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie." Dit reg?

113 Hierdie vrou het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Gesê: "Ons weet, ons Samaritane, ons weet dat wanneer Messias kom, Hy ons hierdie dinge sal vertel." Wel, dit sou die teken van die Messias wees.

114 As Hy gister, vandag, en tot in ewigheid dieselfde is, sou dit nog steeds die teken van die Messias wees. Is dit reg? "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Ek is met julle, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Is dit reg, Broer Hicks? Sien?

"Ons weet Messias kom, en Hy sal ons hierdie dinge vertel, maar Wie is U?" Sien? "Jy moet 'n profeet wees."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

115 En toe het sy in die stad ingehardloop en vir die mans vertel, sy het gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?" En die Bybel het gesê die mense van Samaria, daar, het Jesus geglo as gevolg van die vrou se getuienis. Is dit reg?

116 Nou, Hy het daardie teken gedoen voor die Jood en voor die Samaritaan, want waarom? Hulle het gesoek na 'n Messias. Is dit reg? Jy vind nie een geval voor 'n Heiden nie. Nee. Daardie . . . Sien, hulle is vir duisende jare geleer dat daar 'n Messias sou kom, so Hy het . . .

117 Daar's net drie rasse mense, dis Gam, Sem, en Jafet se mense. Petrus, met die sleutels, het dit op die Dag van Pinkster oopgemaak vir die Jode. Filippus het afgegaan en vir die Samaritane gepreek, hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus, hande op hulle gelê het, Heilige Gees nie gekom nie, Petrus het die sleutels gehad, afgegaan en hande op hulle gelê, hulle het die Heilige Gees ontvang. Bo, by die huis van Cornelius, Petrus het soontoe gegaan met die sleutels, dit oopgemaak vir wat? Jode, Samaritane, en Heidene. En van toe af, het die Evangelie aangegaan, toe is dit oopgemaak vir al die mense: Gam, Sem, en Jafet se mense, nou, vir die drie seuns van Noag, waaruit die hele menslike ras gekom het, as ons ons Bybel glo, die res daarvan is vernietig.

118 Ons is nie daar terug in daardie aapland, ons, of, daardie aapmense nie, ons glo ons is menslike wesens, kom van God af, gemaak na die beeld van God. Laat hulle glo wat hulle wil, dit is wat ons glo: Ons glo Jesus Christus, die Seun van God, gemaak in die gestalte van God, dit nie as roof geag het tot God, gelyk te wees aan God nie, en: "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Hy was God, Hy het gelyk soos God, Hy het opgetree soos God, Hy het gepreek soos God, Hy het opgestaan uit die dood soos God, Hy is God. Sekerlik.

119 Dan let ons Hom op, toe Hy gekom en gesê het: "Ek sal met julle wees, selfs in julle. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Nou, Hy het belowe aan die einde van die Heidense eeu dat hierdie teken sou verskyn. Nou, soek ons na 'n Messias? Dis reg, ons soek na 'n Here Jesus wat kom, die Messias. Wel, dan, Hy het belowe dat Hy sou verskyn.

120 Nou, as Hy aan hulle verskyn het op daardie manier, daardie twee geslagte mense, en ons net laat deurgaan met teologie, dan is Hy, is dit nie ons Here Jesus nie. O, nee, huh-uh, nee. Sien, Hy moet met ons maak soos Hy met hulle gemaak het. Wat doen Hy? Soos Hy belowe het, in die dae van Noag en . . . ? . . . , ek bedoel, in die dae van Lot, so sou Hy nou wees. So Hy het na Sy uitverkore mense toe gekom wat dit sal glo, en wys Homself dat Hy steeds Messias is, die Een wat opgestaan het. Amen. Dis die Evangelie, my broer. Daar's niemand wat 'n vinger daarop kan lê nie. Nou, die ding is net, sal God Sy Woord hou? Ek glo dit.

121 Hoeveel van julle het gebedskaartjies? Lyk na omtrent veertig, of vyftig. Goed, nommer een, wie het dit? Gebedskaartjie nommer een, steek jou hand op. Wat is die letter? Miskien het ek . . . Huh? A. A, nommer een, steek jou hand op, wie ook al A

het, nommer een. Jy moet verkeerd wees, iewers. Ons sal dan iewers anders begin. O, ek's jammer. Goed. Nommer een, kom reguit hiernatoe, dame.

122 Nommer twee, steek jou hand op. Goed, dame, kom hier. Nommer drie, steek jou hand op, nommer drie. Net hier, dame. Nommer vier, nommer vyf. Net hier, dame, kom hier. Nommer ses, nommer sewe, nommer agt, agt, agt. Goed, nege. Ek het nie nege gesien nie. Nege, tien. Wie het tien? Elf, twaalf. Sodat hulle nie almal op een slag sal storm nie. Twaalf, dertien, dertien. Gebedskaartjie dertien. Sal jy jou hand opsteek? Veertien, veertien. Raak baie stadig. Wel, goed, laat ons. . . Laat hulle 'n oomblik staan.

123 Hoeveel het nie gebedskaartjie nie, steek jou hand op, en jy is siek? Steek jou hand op. Nou, jy hoef nie 'n gebedskaartjie te hê nie. Ek het julle gevra om te glo dat hierdie storie wat ek van Hom vertel het, die waarheid is.

124 Daar was 'n vrou in die Bybel, kom ons sê sy, sy het 'n bloedvloeiing gehad, ons ken die storie, sy het ook nie 'n gebedskaartjie gehad nie, sê, maar sy het gesê: "Ek glo dat daardie Man die Waarheid is, ek glo Dis die Seun van God, as ek Hom kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Hoeveel ken die storie? En toe sy Hom aangeraak het, wat het gebeur? Sy het weggegaan, miskien, en gaan sit, omdat sy in haar eie hart tevrede was dat sy die Messias aangeraak het. Glo julle dit?

125 Nou, luister, hou my dop, en luister na my. Sien? Het die Messias aangeraak, en Jesus het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?" Nou, terwyl hulle daardie mense gereedmaak. "Wie het My aangeraak?"

126 En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Wel, Here, almal raak U aan. Waarom sê U: 'Wie. . .'?" Met ander woorde: "Wat laat U so-iets soos daardie sê? Wel, mense sal dink iets is verkeerd met U. Waarom, sê U so-iets?"

Hy het gesê: "Maar Ek voel dat daar krag van My uitgegaan het." Dit reg?

127 Wel, as dit die Seun van God sou laat voel dat daar krag van Hom uitgegaan het, wat sou dit aan my en jou doen, 'n sondaar gered uit genade? Ons kon dit nie een keer doen, as Hy nie gesê het nie: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook, en meer as hierdie sal julle doen." Ek weet die Koning James sê *groter*, maar kyk na die regte vertaling, *meer*. Niemand kon groter doen nie, want Hy het alles gedoen wat gedoen kon word, sien, Hy het die dooies opgewek, en die natuur gestop, en alles gedoen. Sien?

128 Goed. Nou, en daardie vroutjie het Sy kleed aangeraak, en Hy het gevoel dat daar krag van Hom uitgegaan het. En Hy het rondgekyk oor die gehoor, totdat Hy gevind het waar sy was, en Hy het haar vertel van haar bloedvloeiing, en gesê haar geloof het haar gered. Is dit reg? Is dit. . .? Was dit Jesus gister? Was dit

hoe Hy dit gister gedoen het? Wel, as Hy dieselfde is vandag, sal Hy dit nie dieselfde vandag doen nie? Sekerlik, Hy sou.

129 Nou, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Is dit waar? Glo julle dit, dat Hy opgestaan het uit die dood? Hoe kon jy dan doen. . .? "Wel, Broer Branham, hoe sou ek Hom aanraak?" Nou, as julle Hom wil aanraak, moet julle beter luister na wat ek sê. Kyk: "Hoe sal ek Hom aanraak?"

130 Hy is, net nou, 'n Hoëpriester, Hebreërs, 3de hoofstuk, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Nou, Sy sigbare liggaam sit in die Teenwoordigheid van God, op die troon van Sy Majesteit. Is dit reg? Sy Gees is hier in die Kerk, Sy Lewe, wat in ons woon, en Hy is die Wynstok, ons is die lote. Die wynstok dra nie vrugte nie, die lote dra vrugte, die wynstok gee die lote energie, Johannes 15. Dit reg?

131 Nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is, en jy kon uitreik na die Heerlikheid en Hom aanraak met jou geloof, wat sou Hy doen? As Hy dieselfde Hoëpriester is, sou Hy op dieselfde manier optree, sou Hy dieselfde ding doen. Dan gee jy jouself oor aan Hom, ek sal myself aan Hom oorgee, en dan as jy Sy—Sy kleed aanraak met jou swakhede, wat Hy belowe het in Sy Bybel wat Hy sou doen, kyk of Hy sal omdraai en my stem gebruik, en jou liggaam gebruik, ons saam gebruik.

132 Julle daarbuite in die gehoor, wat nie in die gebedsry sal wees nie. . .Ons sal al hierdie gebedskaartjies naderhand kry, maar kom ons begin nou met die—die eerste, goed, nou, eers, julle mense in daardie gebedsry.

133 Hoeveel daarbuite wat—wat siek is, wat ek julle nie ken nie, steek julle hande op. Almal daarbuite wat julle weet dat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, elke persoon in die gehoor wat weet dat ek weet. . .

134 Die mense in die gebedsry, dat ek 'n vreemdeling vir julle is in die gebedsry, steek julle hande op, dat ek julle nie ken nie, steek julle hande op. Ek dink dis 'n honderd persent, die heeltyd.

135 Goed, nou, hier is 'n pragtige prentjie. . .Julle onthou toe ek die eerste keer na Chicago toe gekom het daaroor, ek. . .So nou, hier's 'n—'n pragtige prentjie van die Bybel, hier's 'n prentjie van Johannes die 4de hoofstuk, hier is 'n vrou wat ek nog nooit gesien het, niks van haar af weet nie, en ek het haar nog nooit tevore in my lewe gesien nie. Sy's 'n vreemdeling vir my. Ek's 'n vreemdeling vir jou, ons ontmoet vir ons eerste keer.

136 Nou, as hierdie, in 'n. . .Enigiemand ooit in Palestina en sien waar Jesus daardie vrou by daardie put ontmoet het? Dis 'n panorama, iets soos daardie, daarbuite, 'n klein put daarbuite waar Hy daar gesit, die vrou gesien het. Nou, hier's 'n man en 'n vrou, wat hier staan, wat nog nooit tevore in die lewe ontmoet het nie, en ons is vreemdelinge. En ek kan julle dit sê voor ons begin,

sy's nie van my nasionaliteit nie, sy praat regtig nie goeie Engels nie. Dis waar. Daar's die Samaritaan en 'n Jood. Um-hum.

137 Nou, ek is nie Hy nie, maar Dis Sy Gees wat in my is. En dan as Hy dieselfde is gister, en tot in ewigheid, en ek jou nog nooit gesien het, niks van jou af weet nie, jy's net 'n vrou wat hier opkom, as God iets aan my sal openbaar wat in jou lewe is, soos Hy met daardie vrou daar gemaak het, sal jy weet of dit die waarheid is of nie, jy—jy sal dit weet, en dan, soos iets wat jy gedoen het, iets waarvoor jy hier is, iets wat verkeerd is met jou. Of, as ek jou nie ken nie, ek weet niks van jou af nie, want... Jy maak 'n...is moeilik, soort van, om my te verstaan. Maar as ek niks van jou af weet nie, dan as Hy dit sal openbaar, sal dit iewers deur Gees moet kom. Glo jy dit?

138 Sal die gehoor dit glo? Hier is ons, albei saam. Nou, lewe Hy? Dan, wat as ek...? As Hy hier gestaan het, met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het, nou, as hierdie vrou sou kom, sê: "Here, sal U my genees?" weet julle wat Hy sou sê? "Ek het dit alreeds gedoen, jy is verlos." As 'n voorwerp van 'n pandjieswinkel losgekoop word, kan dit nie die tweede keer losgekoop word nie. Ons het die kwitansie, hulle kan ons nie 'n tweede keer laat betaal nie, ons het 'n kwitansie. En ons het 'n kwitansie van God. Amen. Die prys is betaal, ons is verlos, julle is genees.

139 As ek na hierdie vrou toe kom...Nou, wat sou Hy doen, as Hy hier gestaan het? Dan as Hy haar alreeds genees het... "Deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom." Dit het dit in die verlede tyd geplaas, *het* daar vir jou genesing gekom. Alle predikers, alle Bybellesers weet dit. Dis 'n verlede tyd.

140 Nou, as Hy—as Hy hiernatoe kom, wat sou Hy dan doen? Hy kon Homself lewendig wys. En hoe sou ons weet dat Hy was? Want Sy Gees sou in ons kom, en optree net soos dit het toe Hy hier in Sy liggaam was. Is dit reg? "Ek," persoonlike voornaamwoord: "sal met julle wees, selfs in julle. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. 'n Klein tydjie, en die wêreld," kosmos, wêreldorde, kerkorde, ensovoorts: "sal My nie meer sien nie, tog sal julle," Kerk: "my sien, want Ek sal met julle wees, Ek sal selfs in julle wees tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hier is dit. Is my Boodskap die waarheid? As Dit is, dan sal God Sy Woord hou.

141 Nou, dame, kyk jy net 'n oomblik na my, ek wil met jou praat. Vas...Die rede waarom ek jou hiernatoe gebring het, is om, sodat ek jou kan afsonder van die res van die mense, sodat ek met jou kon praat, almal met 'n gees. Jesus het geneem, al die mense uit die huis uitgesit toe Hy Jaïrus se dogter genees het. Hy het 'n dowe man geneem, of, 'n blinde man en hom uit die stad uitgelei, weg van die skare, sodat Hy, hom kon wegkry, sodat Hy

met hom kon praat. Dis waarom ek jou hier het, daar is 'n salwing van die Gees.

142 En daardie vrou, sy mag my nie verstaan nie, maar as jy my nou kan verstaan, wees jy eerlik met my. Daar het net nou iets met jou gebeur, 'n baie soet, kalm gevoel het oor jou gekom, net nou. As dit reg is, steek jou hand op. Ek kyk reguit na daardie Lig wat julle in die foto sien, wat Jesus Christus daardie Lig is.

143 Toe Hy eerste hier was, was Hy in God die Vader, in 'n Lig, die kinders van Israel het Dit gevolg deur die woestyn. Hy het gesê: "Ek kom van God af, en gaan na God toe."

144 Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, was Saul op sy pad af na Damaskus, en 'n Lig het hom neergefel, daardie selfde Lig: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Gesê: "Wie is U?"

Gesê: "Ek's Jesus." Sien? Nou, Dis daardie selfde Lig.

145 Nou, as God vir my iets sal beskryf, wees jy die getuie of dit waar is of nie. Jy is hier sodat ek vir jou kan bid vir 'n senuweetoestand waaraan jy ly, senuweeagtig. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*, sodat die mense sien. Nou, daar's ander dinge, jy het galblaasprobleme, galblaasaanval. En omdat jy dit net toe gesê het, Broer Hicks wat naby gestaan het, ons sal sien of dit, net, of dit reg was of nie. Kom ons kyk net 'n minuut langer. Ja, jy's hier vir iemand anders, 'n siek kind van jou, wat jy by die huis gelos het, behalwe dit, het jy 'n suster wat 'n siek kind het waarvoor jy staan. As dit waar is, wuif jou hand. Jy het ontvang waarvoor jy gevra het, jou geloof het jou gered. Gaan huis toe, en jy sal dit so vind. God seën jou. Alles sal nou reg wees. Dit sal alles wees. . . God seën jou nou, gaan glo jy, alles sal net reg wees.

146 Glo julle dit? Is Hy lewendig? Nou, julle weet ek ken nie daardie vrou nie. Hoe kon ek. . . ? Ek weet nie eens wat ek gesê het nie, die enigste ding wat ek sal weet, is om hierdie bandopnemer dop te hou, wanneer dit dit opgeneem het. Nou, die Bybel het gesê: "As hulle sê, en dit gebeur, wat hulle gesê het, glo dit dan." Ek het vir julle gesê Hy het opgestaan uit die dood, en Hy het dit bewys, glo dit. Amen.

147 Nou, hier's 'n, hier's nog 'n foto van 'n ander vrou, hierdie is toevallig 'n vrou. ek ken nie die vrou nie, ek het haar nog nooit gesien nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. En ons is twee rasse mense, sy's, ek's Anglo-Saksies en—en sy's Ethiopies. Ons. . . Maar toe hulle met die vrou by die put gepraat het, die Samaritaan, toe die Samaritaanse vrou gesê het daar was 'n segregasie, het Hy haar laat weet, sommer gou, dat daar geen verskil is tussen die kleure wat ons was nie.

148 God is die God van die menslike ras. Die lande waarin ons gewoon het, en ons kleure verander het, het niks te doen met

wat ons is nie. Een het groot geword in een land en het een geel gemaak, en die ander een swart, en die ander een bruin, en die ander een wit, en dit het niks te doen met, ons kom van een boom af, Adam en Eva. Dis reg, die menslike ras het daaruit gekom.

149 My God is jou God, my Skepper is jou Skepper. Maar jy is, as 'n—'n gekleurde vrou, ek, wat 'n wit man genoem word, dan is ons twee verskillende rasse mense. Maar ons staan soos (ek probeer hulle iets laat sien.) Johannes die 4de hoofstuk, Jesus wat 'n—'n vrou ontmoet wat 'n Samaritaan was.

150 Nou, as God aan my sal verklaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Ek nie. . . Ek—ek moet daardie woord dophou, dis 'n struikelblok vir baie mense; so, ons weet dit en glo dit, hulle hoef nie te weet nie. Jy ly aan vergroeisels, daardie vergroeisels is in die dermkanaal. As dit reg is, steek jou hand op. As God vir my sal sê wie jy is, sal jy my glo? Hy het vir Simon Petrus gesê wie hy was, Hy het gesê. Is dit reg? Dan, Mev. Hall, gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. Amen.

151 Nou, al julle gekleurde mense glo aan die Here, net nou. Sien? Hy is die Here Jesus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo julle Hom? Wees baie eerbiedig.

152 Goed hier is, ek glo nog 'n gekleurde suster. Kom vorentoe. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Soos ek vir die dame gesê het, ek glo dit was, wat verby is, en dat almal, julle weet wanneer my verlaat, in 'n visioen, ek, nie buite myself nie, maar ek. . .

153 Jy gaan in 'n ander wêreld in, jy sien dinge wat lank gelede gebeur het, en iets wat êrens anders gebeur, dan wonder jy waar jy staan wanneer jy terugkom, dis hoekom dit my net verswak. Jy kan die effek sien wat dit het. Eendag sal ek die wêreld verlaat, maar die wêreld sal nooit weet, totdat ons Daar ontmoet, waardeur ek gaan om hulle te probeer laat weet dat my Here werklik is nie. Hy het opgestaan uit die dood, Hy's nie dood nie, Hy's lewendig. Hmm! En ek glo dit met my hele hart.

154 As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sodat ek nie op te veel hoef in te gaan nie, net wat jou probleem is, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy my storie is waar? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Goed. Hulle sê jy moet 'n operasie kry, dis vir 'n vergroeisel. Die vergroeisel is in die maag. Dit is reg. Jy het jou hand op jou maag gesit, iemand het dit opgelet, ek het dit daarbuite voel kom, voor ek dit gesê het. Nou, as God dan aan my sal openbaar wat jou naam is, sal jy—sal jy glo dat ek Sy profeet, en Sy dienskneg is? Mev. Cole, gaan jy terug huis toe, wees gesond. God seën jou, my suster. . .?. . .

Hê geloof in God, moenie twyfel nie. Glo jy met jou hele hart.

155 Hoe gaan dit met jou? Nou, hier's Anglo-Saksiër en Anglo-Saksiër. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, maar God ken jou. As God sal openbaar. . .

156 Nou, net 'n oomblik, iets in die gehoor, iemand het geloof gekry, die vrou wat net daar sit, met haar hoof gebuig en bid, met die groen hoedjie op, wat reg hieronder voor my sit, 'n ouerige vrou, wat daar sit, en bid, met artritis. Goed, Suster, steek net jou hand op. Jy het rondgekyk, en rondgekyk, daardie kant toe gekyk. Goed, jou artritis het jou verlaat. Jy hoef nie te kom nie, bly net waar jy is nie. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

157 Ek wil julle mense iets vra, vir Wie het sy aangeraak? Sy het my nooit aangeraak nie, ek is dertig voet van haar af. Maar sy het daardie Hoëpriester aangeraak. Glo julle?

158 Nou, die vrou wat aangeraak is, wat sy God aangeraak het, en God haar aangeraak het, is ons vreemdelinge vir mekaar, wuif jou hand, dame. Dis reg, ek ken jou nie. Daardie dinge was waar, wat gesê is. Is dit reg? Goed, jy het jou versoek, jy het Jesus Christus aangeraak.

159 Jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders. Iemand word blind, hulle is blind, 'n blinde persoon. Dis reg. Hulle is nie hier nie. Hulle was óf in Kalifornië, óf in Kalifornië, hulle is in Kalifornië, dis 'n vrou. Glo jy? Gaan dan, en soos jy glo, so sal dit wees. Moenie twyfel nie. God seën julle. Hê geloof, moenie twyfel nie.

Glo julle daarbuite, saam, almal van julle? Glo net nou, met julle hele hart.

160 Aangename kennis, dame? Goed. Dis nogal 'n verskil, miskien, in ons ouderdom, miskien. Maar sover ek weet in my hart, is dit my eerste keer om langs jou te wees, langs jou te staan. Ek ken jou nie, so God ken jou wel. As God aan my iets van jou sal openbaar wat, soos iets wat in jou hart is, iets wat jy wil hê, of—of een of ander . . . en jy sal weet of dit die waarheid is of nie, jy is die beoordelaar daarvan. Wel, as Hy weet wat was, kan jy sekerlik Sy Woord neem vir . . . As Hy vir jou kan sê wat was, weet jy dat wat sal wees, waar sal wees. Goed, mag Hy dit gee.

161 Nou, iewers, het die Engel van die Here die platvorm verlaat. Die Gees van God het gegaan . . . Hier is Dit. Dis daardie gekleurde man wat hieragter in 'n hoek sit, en bid. Jy ly aan sinus. As dit reg is, steek jou hand op. Goed. Jy het Iets aangeraak, Broer. Jy het my nooit aangeraak nie, ek ken jou nie, jy het die Hoëpriester aangeraak. Glo jy Hom? Dan is dit verby.

162 Glo net aan Hom, ek vra julle om aan Hom te glo. Ek het daardie man nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie, behalwe in 'n straat, of êrens verbygegaan het, of op-en-af in hierdie kerk gekom het, ek ken nie die man nie. As jy 'n vreemdeling vir my is, meneer, steek jou hand op, sodat die mense dit sal sien, dat ek en jy vreemdelinge is. Daar het julle dit. Sien?

163 Nou, sê my, ek wil julle vra: Wat het die man aangeraak? Jesus Christus, ons Hoëpriester. Dan is my boodskap van Hom

die waarheid, Hy lewe. Neem dan my woord: Vlug weg van hierdie lykshuise, en kom na 'n lewende Christus toe, neem jou naam, as dit op 'n, een of ander kerkboek is, vergeet dit, plaas jou naam in die Boek van die Hemel, deur 'n nuwe ondervinding van Hom te aanvaar, en wedergebore te word.

Waar is ons? Watter tyd is dit? Goed. Moet my nie te lank laat bly nie.

164 Nou, ek glo hierdie is die vrou. Verskoon my, dame, ek—ek—ek moet Dit net volg, waar Dit gaan, dis al wat ek—ek weet om te doen. Kom ons kyk na die Here, sien wat. . . Ja. Jy's in 'n ernstige toestand. Jy het 'n vergroeisel, en jy's bekommerd daaroor. Dink jy as God vir my kan sê waar daardie vergroeisel is, sal dit jou geloof help? Dit sou? Dis op die bors, dis op die regterbors. Dit is waar, is dit nie? Wag 'n oomblik. Ja, jy het iemand op jou hart, en dis iemand wat 'n Christen was. Jy is, jy is die moeder van 'n dwelmverslaafde meisie wat genees is van dwelmgebruik in my diens. Haar naam is Helena, sy was 'n danser, of *so-iets*. En daardie meisie word swak, gaan weg van God, en sy is op jou hart om vir haar te bid, dis SO SPREEK DIE HERE. Dit is waar. Goed. Kom hier.

165 In die Naam van Jesus Christus, bring daardie kind terug, genees hierdie moeder tot die eer van God. Amen.

Moenie twyfel nie, sal reg wees.

166 "As julle kan glo, is alle dinge moontlik." Glo julle? Hoeveel onthou dat in die begin, toe ek die persoon se hand moes neem en dit op myne lê, jy daardie dinge sou sien gebeur? Hoeveel onthou dit? Hoeveel onthou dat ek vir julle gesê het dat die Here vir my gesê het dit sou gebeur, as ek nederig en opreg sou wees, dat ek sou wees. . . dit die verborgenhede van die harte sou openbaar, as hulle nie daardie eerste teken geglo het, soos hulle van Moses het nie, die tweede teken aan sou wees? Hoeveel onthou dit? Jy sê: "Neem God 'n gawe weg?" Nee, meneer.

167 Kom hier, meneer. Ek ken jou nie, jy's 'n vreemdeling vir my. Lê jou hand op myne. Ja, meneer. Kom hiernatoe. Maagprobleem. Dis reg. Laat ek jou iets wys. Kyk hier, neem hierdie ander hand van jou, lê hierdie hand op myne. Geen verskil nie, is daar? Let op *hierdie* een, sien hier, geen verskil nie. Nou, sit ek my hand op. Geen verskil nie, is daar? Nou, kyk wanneer jy *hierdie* hand opsit, kom daar 'n verskil, swel op, en klein rooi kolletjies wat daaroor gaan, of, ek bedoel klein wit kolletjies wat oorgaan. Kyk hoe het my hand geword. Sien? Dis soos 'n. . . Sien, wat dit is, om gesalf te wees, dis waarom hande op die siekes lê, onder die salwing, sien, hande lê op siekes, gesalfdes.

168 Dis nie ek wat hierdie dinge doen nie, ek ken hulle nie, ek ken nie die mense nie, ek ken jou nie. Maar sien, daar's iets in jou wat jou sal doodmaak. Sien? En dit is 'n duiwel, 'n gees, 'n

lewendige *iets*, wat vreet, ’n lewe wat jou lewe probeer neem, dis waarom dit terug vibreer.

169 Nou, kyk jy net, sodat jy seker is dat jy kyk. Nou, kyk hier, dis nie die manier wat ek my hand beweeg nie, natuurlik daardie—daardie wit goed. . . Kyk, sien my hand hier? Sien? Nou, kyk, ek sal hierdie hand van jou afhaal, sien, ek neem jou linkerhand. Nou, dit doen dit nie daar nie. Nou, sit *hierdie* een hier. Nou, daar is dit. Sien? Nou, jy’s net soveel ’n mens in *hierdie* hand as wat jy in *hierdie* hand is. Is dit reg? Maar sien, wat is dit? Dis jou regterhand vir my, dat jy my glo; dis my linkerhand vir jou, op my hart, dat ek jou liefhet; my regterhand vir God, dat Hy my—Hy my Gids, my Verlosser is.

170 Nou, kom net ’n oomblik hier, wil hê jy moet dophou, laat ek my hand *hier* sit, sodat jy dit kan sien. Nou, as dit weggaan. . . Nou, deur die Gees van God, glo ek, ek kan dit laat weggaan, maar ek kan dit nie weghou nie, maar as jy dit kan sien weggaan, dan sal dit jou help, sal dit nie, om. . . ? Ja, meneer. Nou, nou, kyk nou, sodat jy nou seker sal wees, sit hierdie hand *hier*, een waarop ek my hand gelê het. Sien? Nou, hierdie ander hand *hier*, sien, so jy. . . Daar is dit. Nou, ek wil hê jy moet jou oë oophou, ek wil hê jy moet dit dophou.

Ek wil hê die gehoor moet julle hoof buig, net ’n oomblik.

171 Ons Hemelse Vader, nie om te wys nie, maar ons is in die laaste dae, ons is in die laaste ure van die dag, die son sak, die aandligte skyn, die profeet het gesê: “Dit sal lig wees in die aandtyd.” Gesê daar sal ’n dag wees wat nie dag of nag genoem sou word nie, dis wat ons gehad het, net organisasies, denominasies, maar in die aandtyd, sal dit Lig wees. Die lig kom op in die ooste en sak in die weste, beskawing het saam met die son gereis. Die Lig het opgekom in die ooste, op die oosterse mense, die Seun van God. En nou sak die son in die weste, en beskawing het al die pad na die weste toe beweeg, die volgende is die ooste, die Aandligte skyn.

172 Die man hou my hand dop. Nou, sien hy dit vibreer nog steeds op my hand. Hy’s siek, Vader, ek bid vir genade, ek bid dat U sal maak dat dit hom verlaat, deur Christus ons Here.

173 Nou, dis hardkoppig. Voor ek my oë oopmaak, dit het nie verander nie, net dieselfde. Is dit reg, meneer? [Die broer sê: “Dis reg.”—Red.] Net dieselfde ding. Nou, net ’n oomblik, glo almal nou.

174 Here, ek het vir hierdie groepie mense vertel, hier vanaand, dat U opgestaan het uit die dood, en gesê het: “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.” Daardie man weet dat die duiwel ’n pyniger is. En die woord *duiwel* beteken “’n pyniger.” So hy hou my hand dop, hy sien die reaksie daarvan in sy eie oë, hy hou dit dop, hy hou dop om te sien wat gebeur. Help, Here, U gee die belofte, ek glo U.

Satan, in die Naam van Jesus Christus, gaan uit die man uit!

Nou, voor ek my hand beweeg, of jy enigiets doen, is dit weg, is dit nie? [Die broer sê: "Ja."—Red.]

Nou, maak jou oë oop. Ek het nooit na my hand gekyk nie, ja, daar is dit.

175 Nou, kyk hier, meneer. Neem hierdie hand hier. Sien hoe dit lyk? Neem hierdie hand hier. Sien hoe dit lyk? Nou, iets het gebeur, het dit nie? Dis weg, jy's vry. Gaan, Jesus Christus het jou gesond gemaak, glo met al. . .

176 Goed, glo jy met jou hele hart? Hê net geloof in God, moenie twyfel nie. Kom, laat die volgende persoon kom. Nou, moenie twyfel nie, hê geloof in God. Ek voel dit steeds daaragter, dat ek. . .Nou, kyk, ek gaan my kop wegdraai, kyk hier.

177 Kom hier, dame, raak net aan my hand. As God aan my sal openbaar, terwyl ek *so* kyk, wat jou probleem is, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy sal, hierdie dame? Goed. Glo jy God sal jou hartprobleem genees, en jou gesond maak? Glo jy dit? Hy sal jou. . .hartprobleme maak, jou gesond maak? Aanvaar jy dit? Steek jou hand op. Goed, gaan op jou pad, word genees, sê: "Dankie God." Glo met jou hele hart. Goed, meneer.

178 Nou, dame, as jy sal glo dat jy nooit kreupel sal word met daardie artritis nie, sal Hy jou gesond maak. Glo jy dit? Gaan net aan, en sê: "Dankie, Here." Gaan, glo. Goed.

179 Kom nou, dame. Nou, jy's 'n jong vrou. Wat jou probleem is, is senuweeagtigheid. Jy kan net nie 'n plek kry om te begin nie. Is dit reg? Elke-. . .hulle sê vir jou: "Kom reg," en dis alles in jou gedagtes, maar dit is nie. Iets maak jou bang, sien, dis reg, en bevrees. Hierdie is jou plek.

Gaan uit die vrou uit, Satan! Ek daag jou uit, in die Naam van Jesus Christus, om hierdie vrou te verlaat!

Nou, jy het begin, gaan net voort. Word gesond gemaak, in die Naam van Jesus Christus.

180 Kom. Nou, hierdie vrou is genees terwyl sy in die stoel gesit het, van dieselfde ding, so jy kan maar net sowel gaan. Joune is die tyd. . .Gaan net aan, Jesus Christus maak jou gesond.

Glo jy met jou hele hart? Net 'n oomblik.

181 Daardie dame, soort van geset, wat daar na my gesit en kyk het, met die breuk, glo jy dat God jou sal gesond maak? Goed, jy kan kry waarvoor jy vra.

182 Ek ken nie die dame nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar sy het dit gebid. Net 'n paar oomblikke gelede was daardie Lig oor haar, sy het gebid vir God om haar te roep vanaand.

183 As dit reg is, wuif jou hand heen-en-weer, dame, soos *hierdie*, sien, sodat hulle sal sien. Goed, daar het julle dit. As jy sal glo, sal dit jou verlaat. Hê net geloof in God, moenie twyfel nie. Amen.

184 Die—die man volgende, nee, dis 'n vrou, langs haar, wat daar sit, met daardie hoofpyne, glo jy dat God jou sal gesond maak? Steek jou hande op as jy sal, jou genesing aanvaar.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

Wat as ek vir jou gesê het, jy was alreeds genees, sou jy my glo? Gaan net aan, Jesus Christus maak jou gesond.

Sien julle nie Hy's God nie?

185 Hier sit 'n gekleurde vrou, die tweede vrou wat daar in die sitplek sit, wat net daar sit, na my kyk. Glo jy dat God daardie anemiese toestand van jou kan wegneem, en jou gesond maak? Dan kan jy kry waarvoor jy vra. Gaan, en glo. Uh-huh. Hê geloof.

Wat as ek gesê het: "Jesus Christus maak jou gesond," sou jy my glo? Goed, gaan, en word gesond gemaak.

186 Wat as ek vir jou gesê het jou rugprobleem is genees terwyl jy daar gesit het, glo jy my? Gaan dan net aan, sê: "Dankie, Here."

187 Wat as ek vir jou gesê het wat daar sit, dame: "Glo met jou hele hart, daardie kopprobleem . . ." wat daardie swart hoed op het, daardie gekleurde dame wat net daar langsaan sit, glo jy dat God dit sou genees, en jou gesond maak, die kopprobleem? Glo jy dit? Aanvaar jy dit? Steek jou hand op as jy dit doen. Goed, jy kan kry waarvoor jy vra.

188 Hoeveel van julle daarbuite glo aan die Here Jesus Christus, glo dat Hy die herrese Jesus is? Hoeveel weet dat "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg"? Steek julle hande op. Hoeveel gelowiges is hier? Steek julle hande op. Hoeveel weet dat Hy lewe? Lê dan julle hande op mekaar, ek sal vir julle bid, elkeen van julle kan genees word. Hy hou Sy Woord *hier*, Hy hou Sy Woord *daar*. Glo julle dit? Lê dan julle hande oorkant op mekaar, en bid vir mekaar.

189 Ons Hemelse Vader, ons vertrou hierdie gehoor toe aan U, as gelowige mense, die herrese Christus. Sonder die sweempie twyfel, is U nie dood nie, maar lewe U vir ewig, die groot Oorwinnaar. Hulle het gekom, hulle het gesien, nou mag hulle ander gaan vertel dat Hy nie dood is, Hy nie in 'n graf, of 'n organisasie is nie, maar Hy's lewendig in die harte van Sy mense. Skenk dit, deur Jesus Christus' Naam.

Broer Hicks, neem hierdie mikrofoon.

61-0424 Die Grootste Nuusflits In Die Geskiedenis
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org